
**MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 28 AUGUSTUS 2024 EN MOOT SELGROEP, DONDERDAG, 26 FEBRUARIE 2026**

Voordat ons met ons studie voortgaan, kyk gerus na hierdie skematiese voorstelling van die struktuur van sewes in Openbaring:




Adapted from Koester, *Revelation and the End of All Things*, pg 42–43

God deel baie met die mens deur getalle, en sewe is ‘n baie belangrike getal. Ons sien uit bogenoemde die volgende:

1. Die boodskap aan die sewe gemeentes
   a. Éfese, Openbaring 2:1
   b. Smirna, Openbaring 2:8
   c. Pérgamus, Openbaring 2:12
   d. Thiatíre, Openbaring 2:18
   e. Sardis, Openbaring 3:1
   f. Filadefía, Openbaring 3:7
   g. Laodicéa, Openbaring 3:14

2. Die oopmaak van die sewe seëls
   a. Wit perd, Openbaring 6:2, verwys na die gebeure in Openbaring 13.
   b. Rooi perd, Openbaring 6:4
   c. Swart perd, Openbaring 6:5
   d. Vaal perd, Openbaring 6:7
   e. Siele wat gedood is ter wille van die evangelie, Openbaring 6:9
   f. Kosmiese veranderinge, Openbaring 6:12
   g. Stilte in die hemel, Openbaring 8:1

3. Die sewe basuine/trompette
   a. Hael en vuur, Openbaring 8:7
   b. Groot berg, Openbaring 8:8
   c. Groot ster, Openbaring 8:10
   d. Derde van son, maan, en sterre getref, Openbaring 8:12
   e. Ster uit die hemel (eerste wee), Openbaring 9:1
   f. Eufraat rivier (tweede wee), Openbaring 9:13

    g. Aankondiging van die koninkryk van God (derde wee), Openbaring 11:15

4. Die sewe visioene van oorlog
    a. Die vrou en die draak, Openbaring 12:1
    b. Oorlog in die hemel, Openbaring 12:7
    c. Die dier uit die see, Openbaring 13:1
    d. Die dier uit die aarde, Openbaring 13:11
    e. Die Lam op die Olyfberg, Openbaring 14:1
    f. Die drie engele. Openbaring 14:6
    g. Die oes en wynpers, Openbaring 14:4

5. Die sewe skale
    a. Bose swere, Openbaring 16:2
    b. See word bloed, Openbaring 16:3
    c. Riviere word bloed, Openbaring 16:4
    d. Son, Openbaring 16:8
    e. Troon van die dier, Openbaring 16:10
    f. Eufraatrivier, Openbaring 16:12
    g. Groot stem uit die hemel, Openbaring 16:17

6. Die sewe oordele
    a. Val van Babilon as godsdiens stelsel, Openbaring 17:1
    b. Van val Babilon as kommersiële stelsel, Openbaring 18:1
    c. Oordeel oor die dier en valse profeet, Openbaring 19:20
    d. Oordeel oor die nasies, Openbaring 19:21
    e. Gog en Magog, Openbaring 20:8
    f. Oordeel oor Satan, Openbaring 20:10
    g. Oordeel oor ongelowiges, Openbaring 20:12

7. Die sewe nuwe dinge (nie op die diagram nie)
    a. Nuwe hemel, Openbaring 21:1
    b. Nuwe aarde, Openbaring 21:1
    c. Nuwe stad, Openbaring 21:2
    d. Nuwe naam, Openbaring 2:17 en 3:12
    e. Nuwe lied, Openbaring 5:9 en 14:3
    f. Nuwe natuur, Jesaja 11:6 en 65:25
    g. Alles word nuut gemaak, Openbaring 21:5

Elke fase sluit met 'n oorwinning vir God af. Daar is oorvleueling tussen die verskillende gebeure en alhoewel die verdrukking vir sewe jaar lank strek, volg die millennium daarop, en daarna die ewigheid.

**OPENBARING 6 TOT 9**

**Hoofstuk 6**

Onthou altyd die volgende: die openbaring van Jesus Christus aan Johannes dui aan hoedat Hy gereed maak om die Koning vir sy volk te wees, soos wat dit van die begin af veronderstel was om te wees. Met elke gebeurtenis word God se plan vir Jesus se regering verder geneem.

In hoofstuk 5 sien Johannes hoedat die boek deur die Vader aan Jesus Christus gegee word, die enigste Een wie waardig is om die boek te neem en sy seëls te breek. Wat in hoofstukke 6 tot 9 volg, is die breek van elke seël en 'n verduideliking van wat die seël verteenwoordig. Die volgorde is hoofsaaklik chronologies, alhoewel daar moontlik areas van oorvleueling kan wees. Wat hier verduidelik word is hoofsaaklik waaroor groot gedeeltes van Openbaring gaan. Johannes sien die gebeure as 'n voorskou van gebeure wat hy later in meer besonderhede sien.

Wat ons ook moet verstaan is dat baie gebeurtenisse op dieselfde tyd mag afspeel, maar Johannes moet hulle afsonderlik beskryf en dus wil dit voorkom asof die gebeure chronologies is. Alhoewel dit nie altyd so aangedui word nie, moet ons verstaan dat Johannes gebeure beskryf wat afwisselend in die hemel en op die aarde afspeel. Die eerste vier seëls speel op die aarde af en dit is die begin van die verdrukking van sewe jaar.

**Die eerste seël – die wit perd**

In Openbaring 6:2 sien Johannes 'n wit perd, en ons het sommer dadelik 'n voorbeeld van die godsdienstige misleiding waarvan Jesus in Matthéüs 24 gepraat het. Hierdie wit perd en die persoon wie daarop sit, is die Antichris, wat aan die begin van die verdrukking op die toneel verskyn (Openbaring 13:1), en onder die vaandel van vrede (Matthéüs 24:5). Islam glo dat hierdie persoon, die Mahdi, Jesus Christus is, maar ons weet hulle is verkeerd en word mislei. Jesus verskyn ook op 'n wit perd, maar eers in Openbaring 19:11. Daar is Christene wie glo dat die ruiter op die wit perd in Openbaring 6 Jesus Christus self is. Dit is egter nie waar nie en daar is verskeie redes voor.

Die Antichris mislei diegene wie op die aarde is met 'n skynvrede. Hy het 'n boog, maar ons sien nie die pyle nie. 'n Boog en pyle gaan altyd saam en 'n boog sonder pyle beteken niks nie. Daar moet 'n verskuilde agenda wees en oorlog moet volg. 'n Kroon is aan hom gegee, en hy het dus toestemming om op te tree. Hy gaan uit as 'n oorwinnaar (weer misleiding) en om te oorwin. Dit is sy doel. Ons verstaan uit Daniël dat die Antichris 'n verbond met "baie" bevestig. Hierdie verbond bring sogenaamde vrede in die Midde Ooste en laat ook die Jode toe om die nuwe tempel te bou presies waar die Al Aqsa moskee tans is.

Hierdie skynvrede begin met 'n pen – die ondertekening van die verbond. Dit is die begin van die smarte, soos Jesus in Mattheüs 24:8 verduidelik. Aanvanklik is almal baie ingenome met hierdie nuwe leier wie daarin slaag om die Jode die geleentheid te gee om 'n tempel te bou. Verder het hierdie leier 'n kroon, maar nie 'n "diadema" kroon soos wat Jesus dra nie. Hy dra 'n "stephanos" kroon, een wat eintlik net toegeken word aan iemand wie een of ander item gewen het (sien 1 Korinthiërs 9:25). Hierdie kroon verwelk en sodra iemand anders weer dieselfde item wen, is die vorige oorwinnaar se oorwinning vergete. Hy is 'n vals Christus. Hy gaan uit "as" 'n oorwinnaar, iemand wie in 'n posisie gestel is wat hy nie verdien nie en net tydelik gaan beklee. Hierdie ruiter word deur die Satan geïnspireer. Die Jode wil die derde tempel bou, en hulle sal die risiko neem om hierdie leier te glo, naamlik dat hy hulle belange voorop stel. Ons weet dit is 'n leuen. Die Antichris is egter die instrument wat God gebruik om Israel te suiwer (Sien Daniël 9:24) en voor te berei vir die koms van die ware Christus, die Messías.

**Die tweede seël – die rooi perd**

Die tweede seël is in Openbaring 6:4 en toon 'n rooi perd aan. Kyk mooi wat hier gebeur. Rooi is 'n teken van oorlog en bloedvergieting. Daar is nie meer vrede op aarde nie en mense maak mekaar

dood. Die ruiter op die eerste perd het ‘n skynvrede gebring wat nooit bedoel was om volhoubaar te wees nie. Dit was bloot misleiding. Die volgende ruiter neem vrede weg en hy het ‘n swaard, waar die vorige ruiter, eintlik dieselfde persoon, die Antichris, net ‘n boog gehad het. Sy aanvanklike verskuilde agenda van vrede realiseer nou in oorlog. Kyk mooi hoedat Paulus ons alreeds gewaarsku het oor hierdie ruiter. Lees 1 Thessalonicense 5:3. “Vrede en veiligheid” word vandag alreeds wyd verkondig en dit is ook die leuse van die Verenigde Nasies. Paulus noem dat wanneer hulle dit sê, hulle einde naby is. Die ooreenkoms van vrede hou net vir 42 maande en word dan opgehef. Hierna draai hy sy rug op die Jode op die gruwelooslikste manier deur in die tempel te sit en voor te gee dat hy God is. Sien Matthéüs 24:15. Oorlog volg.

**Die derde seël – die swart perd**

Johannes sien die derde perd, ‘n swart een, in Openbaring 6:5. Die ruiter het ‘n skaal in sy hand. ‘n Skaal verteenwoordig ekonomiese aktiwiteit, en weeg twee items teen mekaar op. Baie duidelik dui hierdie gedeelte op grootskaalse hongersnood regoor die wêreld. Hongersnood is dikwels die direkte gevolg van oorlog. Jesus verwys hierna in Matthéüs 24:7. Die opdrag wat die stem aan die ruiter gee is om basiese kossoorte soos koring en gars te rantsoeneer, maar olie en wyn, meesal duurder items, word nie geraak nie. Kyk na die voedsel pryse: ‘n penning (Gr. denarius) was in daardie tyd ‘n dag se loon vir ‘n Romeinse soldaat. Voedsel word dus onbekostigbaar duur, dus ‘n ekonomiese ineenstorting, wat die hongersnood net erger maak. Heel moontlik verwys hierdie na Openbaring 13:16-18. As jy nie die merk of die naam het nie, kan jy nie koop of verkoop nie.

**Die vierde seël – die vaal perd**

Openbaring 6:7 toon die oopmaak van die vierde seël. ‘n Vaal (OV, 1953; KJV, NIV – “pale”) perd verskyn op die toneel. Sommige vertalings (NV, 1983) verwys daarna as ‘n groen perd, as gevolg van die Griekse woord *chloros* wat gebruik word. Hierdie is egter nie die groen van lewe nie, maar ‘n siek kleur wat die dood aandui (misleiding). Hierdie ruiter word nie beskryf asof hy iets vashou nie (die ander drie het ‘n boog, swaard, en ‘n skaal). Vir die eerste keer het die ruiter ‘n spesifieke naam, en die naam van die ruiter is die Dood (Gr. Thanatos; sien, Exodus 12:23 en 1 Thess 15:54), en die Doderyk (Gr. Hades) volg hom. In sommige vertalings word hierdie name korrek met hoofletters aangedui (AFR83, KJV en NIV). Die Dood en die Doderyk word dikwels saam gesien, soos in Openbaring 20:14. Dit dui duidelik op baie mense wie doodgemaak word, wat ons later sal sien. Mense word doodgemaak deur misleiding (boog sonder pyle), oorlog (swaard), hongersnood (skaal), pes, en deur wilde diere. Jesus praat in Mattheüs 24:7 van peste (dalk was Covid 19 ‘n voorloper) en hongersnood, en dat mense doodgemaak word. Hier is ook ‘n vierde een – mense word deur wilde diere doodgemaak.

Die volgorde van die gebeure hier is presies dieselfde as wat Jesus in Matthéüs 24 gee. Daar is vals Christusse (vers 5); oorlog (vers 6); hongersnood (vers 7); en dood (vers 7 en 9).

**Die vyfde seël – die siele onder die altaar**

Die vyfde seël is ietwat anders as die eerste vier. Johannes sien nou weer gebeure in die hemel. Openbaring 6:9 dui aan dat Johannes “onder die altaar” (in die hemel) die siele van mense wie gesterf het ter wille van die evangelie, waarskynlik mense wie tydens die verdrukking tot redding kom maar nog steeds vir hulle geloof sterf. Sien Openbaring 20:4. Hierdie verwys na mense wie gedurende die verdrukking tot bekering gekom met. Hulle is egter onthoof oor hulle geloof in Jesus Christus en omdat

hulle nie die merk van die dier aanvaar het nie. Hulle word gered en regeer in die millennium, maar in gewone fisiese liggame, nie verheerlikte liggame nie.

Kyk ook na die beskrywing “bewoners van die aarde”. Dit is belangrik om hierdie gedagte te verstaan. Nêrens in Openbaring word hierdie beskrywing gebruik *sonder* dat dit na ongelowiges verwys nie. Sien Openbaring 3:10; 6:10; 11:10; 12:12; 13:8; 13:14; 14:6; 17:2; en 17:8. Daar word nêrens na gelowiges verwys nie. Die Kerk is dus nie op die aarde gedurende hierdie gebeure nie. Daar word ook nie veel uitgebrei oor diegene wie moontlik gedurende die verdrukking tot bekering kom nie, maar eers in Openbaring 20:4.

**Die sesde seël – ‘n groot aardbewing**

Openbaring 6:12 is amper onbeskryflik. Die sesde seël meld ‘n groot aardbewing. Sien Openbaring 16:18. Die son word swart soos ‘n harige sak en die maan word soos bloed. Sien Joël 2:30-32. Die voorkoms van die son en die maan kan die gevolg wees van die aardbewing, wat kan lei tot vulkaniese aktiwiteit. Dink aan 2010 in Ysland toe die vulkaniese uitbarsting daar plaasgevind het. Die lug was in sekere areas vir weke lank donker van die as, en dit het sonlig gedeeltelik weggehou. Lugverkeer in die noorde van Europa en die roete na Kanada en die VSA was vir ‘n geruime tyd toe as gevolg van die vulkaniese as in die lug. Die sterre van die hemel wat op die aarde val kan verwys na asteroïdes wat die aarde tref (asteroïdes wat die atmosfeer indring en die aarde tref word meteoriete genoem).

Kyk na die verwysing na ‘n vyeboom. Dit word dikwels in die Bybel gebruik as ‘n maatstaf waarteen optredes bepaal word, veral ten opsigte van Israel. Sien Matthéüs 24:32. Die lesers van die tyd sou die simboliek van die vyeboom verstaan het.

Daar is groot veranderinge in die voorkoms van die aarde. Al die berge en eilande is uit hulle plekke versit (Sien Jeremía 4:24). Dit is maklik om hierdie te kan sien as die gevolg van die aardbewing. ‘n Groot aardbewing kan tsunami’s veroorsaak wat laagliggende eilande heeltemal kan oorstroom. Ons sien alreeds hoe baie Suidsee eilande in die Stille Oseaan begin oorspoel en verdwyn as gevolg van hoër see vlakke. Waar ons ‘n paar dekades gelede nog ‘n aardbewing met ‘n 6 telling op die Richterskaal as erg ervaar het, is dit vandag so algemeen dat dit nie eers meer nuuswaardig is nie. Die trauma van hierdie gebeure veroorsaak dat mense daarvoor wil wegkruip. (Sien vers 15 en Hoséa 10:8). Hulle besef dat dit wat gebeur, die gevolg van God se wraak op die aarde is maar tog bekeer hulle nie. Kyk wie dit is wat wil wegkruip – konings, rykes, magtiges, slawe, en vrymense. Niemand is uitgesluit van die wraak van die Antichris nie. Hy mislei almal, selfs diegene wie hy aanvanklik aan sy kant gehad het. Onthou dit: die Satan werk deur die Antichris en die Satan gee vir niemand om nie, ongeag van jou status. Die bewoners van die aarde wéét wie Jesus Christus is (vers 16) en hulle weet dat die groot dag van sy toorn hier is. Niemand gaan oorleef nie. Dit behoort een feit by ons tuis te bring: Almal weet wat die waarheid is, maar nie almal wil dit betyds aanvaar nie.

Die sesde seël word voortgesit deur ‘n beskrywing van die beskadiging van die aarde (Openbaring 7:1-3) en dan die beskrywing van die 144 000 verseëldes, mense uit **Israel** wie gered word en die evangelie moet verkondig. Sien Openbaring 14:1. Daarna sien Johannes mense in die hemel en die aanbidding wat plaasvind. Baie van die gebeure op aarde is soortgelyk aan dit wat die Egiptenare getref het voor Israel se uittog. Net soos destyds nét die Egiptenare getref is, net so weet God wie gedurende die verdrukking gered word, en hulle word te midde van groot katastrofes beskerm. Hulle gaan egter nie almal oorleef nie.

**Parentese tussen die sesde en sewende seël**

Hoofstuk sewe is ‘n beskrywing van gebeure tussen die sesde en sewende seël. Ons verwys dikwels daarna as ‘n parentese. Eers het ons die beskrywing van die vier engele wat die vier winde van die aarde moet vashou. Ons weet nie of dit letterlik bedoel word nie. As dit wel letterlik is, dink aan die impak van ‘n windlose planeet, selfs net vir ‘n kort periode. Hierdie vier engele kry die opdrag om nie die aarde te beskadig voordat die 144 000 verseël is nie.

Hierna het ons die beskrywing van die 144 000 verseëldes uit Israel. Hierdie is nie Jehova Getuies soos hierdie sekte glo nie. Let daarop dat van die 12 stamme wat Jakob se 12 seuns verteenwoordig, Levi (die priesterlike stam is dikwels apart van die ander stamme gereken as gevolg van hulle priesterlike amp maar is nou ingesluit) en Josef ingesluit is, maar Dan, en Efraim, een van Josef se seuns, is uitgelaat. Sien Génesis 49:17 oor die negatiewe seën wat oor Dan uitgespreek is. Dit is belangrik om te weet dat vandag daar min Jode in Israel is wie presies weet uit watter stam hulle kom.

Dit is nie altyd onmiddellik duidelik uit Johannes se beskrywing hoe die gebeure Israel direk raak nie. Onthou dat die 490 jaar wat vir Israel bedoel is om ses doelwitte te bereik, volgens Daniël 9:24, nog voltooi moet word. Van die 490 jaar is 483 jaar alreeds verby. Die laaste sewe jaar gebeur nou en dit is gedurende hierdie tyd dat die 144 000 verseëldes optree om die evangelie nie net aan Israel nie, maar ook aan die ongelowige wêreld uit te dra. Dit is ook gedurende hierdie periode dat die tempel herbou word, in voorbereiding op die koms van die Messías. Israel is ook op hierdie stadium omring deur Moslem lande wie haar verwoesting soek. Sien Psalm 83, veral vers 6; Sagaría 14:1-2; Lukas 21:20-24; en Openbaring 11:1-2.

Die derde aspek wat nou verduidelik word is die gesig van die groot menigte wat niemand kon tel nie, martelare in die hemel. Hierdie is mense wie uit die verdrukking kom (Opg 7:14) en hulle is dus gedurende die verdrukking gered, en gedood. Dit is waarskynlik die gevolg van die evangelisasie aksie van die 144 000 verseëldes wie die boodskap van redding spesifiek aan Israel bring.

**Die sewende seël – sewe engele en sewe basuine**

Die sewende seël, in Openbaring 8:1, begin met ‘n stilte in die hemel vir omtrent 30 minute. Voor dit was die hemel ‘n toneel van klank – donderslae (Opg 4:5; 6:1); en aanbidding (Opg 4:8,11; 5:8,11,14; en 7:10). Nou is daar skielik stilte, iets wat ongewoon in die hemel is. Ons kan spekuleer, maar ek reken dat God in stilte sit en dink oor wat nou gaan volg – ‘n erger oordeel oor die ongelowiges wie nie wil bekeer nie, mense wie Hy net soveel liefhet as vir my en jou as gereddes. Dat die stilte vir “omtrent ‘n halfuur lank” is, is nie belangrik nie, net dat daar stilte is. Sien Sefanja 1:7 en Hábakuk 2:20.

Die sewende seël is die begin van sewe spesifieke engele se take (Let op die bepaalde lidwoord “die” in vers 2.), elkeen met ‘n basuin. Elke keer as een engel sy basuin blaas, gebeur iets verskriklik. Hierdie basuine kom voor vanaf Opg 8:7 tot 11:15. Let daarop dat ons nie die engele moet verwar nie. Die engele wie die basuine blaas, is God se boodskappers in die hemel. Daar word egter ook van ander engele gepraat, maar in baie gevalle is hulle demoniese magte op die aarde.

1. Hael (Eks 8:22-26; 9:13) en vuur met bloed gemeng (Opg 8:7). ‘n Derde van die bome, en **al** die groen gras verbrand. Dink aan die effek daarvan. Kos wat alreeds skaars is, word minder, omdat vee wat die groen gras moet eet, van honger gaan vrek. Hongersnood vererger.

2. ‘n Meteoriet tref die see, en dit word soos bloed. Sien Eks 7:14ev. **Een derde** van al die seelewe sterf. Dink aan die ekologiese gevolge hiervan. ‘n Derde van die skepe sink. Weereens is daar geweldige ekologiese gevolge as gevolg van die besoedeling. Sien Opg 8:9.

3. ‘n Derde engel blaas sy basuin, en ‘n meteoriet tref die aarde, en **een derde** van die riviere en fonteine word getref. Sien Opg 8:10-11. Oorloë gaan woed oor die toegang tot vars water. Dink aan die huidige konflik tussen Ethiopië en Egipte oor die dam wat in Ethiopië gebou word en wat ‘n groot impak op die beskikbaarheid van water onder die damwal en verder noord het. Die naam van die ster is Alsem (bitter), in Engels Wormwood (‘n bitter krui, “absinthe”, wat giftig kan wees). Baie mense sterf van die giftige water. Hierdie is moontlik ‘n verwysing na ‘n kern aanval. Dink aan 25 April 1986 in Chernobyl, Oekraïne. In Oekraïnies is die woord “Wormwood” vertaal as “Chernobyl” (Чорнобиль)! Dalk is dit ‘n voorbeeld van dit wat nog kan gebeur.

4. Die vierde engel blaas sy basuin en **een derde** van die son, maan, en sterre word getref. Sien Opg 8:12-13. Dit word donker. Waar daar nie lig is nie, gaan dit moontlik kouer word, en plantlewe gaan geaffekteer word, wat weer voedsel tekorte tot gevolg het. Dink aan flieks soos Bladerunner, The Matrix, en ander “sci-fi” aanbiedinge. Die aksie is meestal in die donker en almal van hulle speel af teen ‘n apokaliptiese siening van ‘n toekomstige wêreld van rampe en ellende, sonder God.

‘n Engel vlieg deur die hemel en waarsku die aardbewoners oor die drie oordele wat nog moet volg!

5. Die vyfde engel blaas en ons sien weer ‘n ster wat uit die hemel val, Opg 9:1-12. Die ster hier is ‘n engel, en hy het ‘n sleutel om die put van die afgrond (Gr. Abussos) oop te maak. Uit hierdie put kom demoniese magte (“sprinkane”). Sien Eksodus 10 (die tien plae) en Rigters 6:5 vir ander voorbeelde waar die vyand as sprinkane uitgebeeld word. Hulle val mense aan wie nie die seël van God op hulle hoofde het nie, soos ons in vers 4 sien. (Daar sal mense tot bekering kom gedurende die verdrukking, waaronder baie Israeliete, en God identifiseer hulle sodat hulle beskerm kan word, veral die 144 000.) Kyk wat is die gevolg van die optrede van die demoniese magte:

    a. Mense word nie doodgemaak nie, maar gepynig om hulle lyding uit te rek (Openbaring 9:5);

    b. Mense soek die dood, maar dit gebeur nie, vers 6. Sien ook Openbaring 6:16. Dink daaraan: mense probeer selfmoord pleeg en dit werk nie; en

    c. Die voorkoms van hierdie demoniese magte (sprinkane) is verskriklik, in vers 7-10. Ons moet verstaan dat Johannes omtrent 2000 jaar in die toekoms in gesien het. Sy eerste eeuse waarnemings sou egter nie die woordeskat gehad het om aspekte wat 2000 jaar later sou realiseer, te verduidelik nie. Hoe beskryf jy ‘n helikopter soos ‘n Apache of ‘n Rooivalk, of ‘n oorlogstenk, as jy in die eerste eeu geleef het? Sprinkane se beweging met hulle vlerke wat in die son glinster is die naaste aan hoe Johannes dit later sou beskryf. Hoe beskryf hy ‘n moontlike kernaanval? Hy sien dit as ‘n ster.

6. Die sesde basuin word geblaas en ons sien hoe vier engele (demone) losgemaak word wat by die Eufraat rivier is, in Openbaring 9:13. **Een derde** van die mense word doodgemaak! ‘n Leër

van 200 miljoen soldate word op die been gebring, en baie mense het gesterf sonder dat hulle bekeer het. Ook diegene wie nie gesterf het nie, het hulle nie bekeer nie (vers 20-21). Kyk hoe die leërmagte beskryf word. Hierdie is weer 'n voorbeeld van eerste eeuse begrip om 21ste eeuse wapentuig te beskryf. Ons lees meer van hierdie groot mag later in die boek.

Die laaste deel van hoofstuk 9 is eenvoudig skokkend. Diegene wie nie deur hierdie drie plae gedood is nie, is twee derdes van al die mense (vers 18) en hulle bekeer hulle nie van hulle sonde nie (vers 20). Wat doen hulle? Satanisme, afgodery, moord, towery, hoerery, en diefstal.

7. Die sewende basuin blaas in Openbaring 11:15. Ons bespreek dit nou sodat ons die volledige beeld het van die sewe seëls en die sewe basuine. Johannes sien weer gebeure in die hemel. Stemme in die hemel getuig van Jesus Christus wat sal regeer, vers 15-17 en Opg 19:15. Die basuin verkondig God se oorwinning aan asook die oordeel oor die ongelowiges op die aarde. Daar is dikwels in Openbaring verwysings na hael (Openbaring 8:7; 11:19; en 16:21) wat voorbeelde van God se oordeel oor die mens is. Daar was ook hael in Egipte (Sien Exodus 9:13).

**OPSOMMING**


God gee aan almal wat vandag leef, die geleentheid om nie te ly onder dit wat nog kom nie. Hoe tragies is dit nie, dat mense hulle rug op die Goeie Nuus draai. Openbaring dui presies aan wat met diegene gaan gebeur wie hulle nie bekeer nie. Hulle sal moet boet vir hulle keuse. My vraag is nog steeds waarom hierdie belangrike lering, soos Openbaring dit beskryf, nie meer in ons gemeentes geleer word nie. Dalk wil baie mense eenvoudig die komende oordeel wegredeneer, en hulleself in die proses probeer vrywaar. Dalk is daar baie predikante wat nie glo wat die Bybel ons oor waarsku nie. Wat is my en jou uitdaging en die les wat ons sover moet leer?

- **Die uitvoering van die Groot Opdrag**: Dalk het jy 'n gesinslid, familielid, vriend, kollega, of kennis wie nog nooit die Goeie Nuus gehoor het nie, dalk dink hulle saak is reg, maar gaan dit moet deurgaan wat ons sover geleer het (Matthéüs 28:19-20). Ons moet hulle op die regte pad kry. Mense gaan verlore, maar Johannes 3:16 ons leer dat dié wat in Hom glo, nie verlore gaan nie.

- **God se hele geopenbaarde Woord is vir ons bedoel**. Leer soveel as moontlik van die Woord dat jy valse lering oor die Woord onmiddellik kan herken en regstel (2 Timótheüs 3:16).

- **Dankbaarheid vir ons redding**: As ons lees wat met mense gaan gebeur, en ons besef ons is gevrywaar hiervan, is dit rede om meer as ooit dankbaar te wees vir die ewige lewe wat ons in Jesus Christus het (Kolossense 1:12-14).

Sien die volgende bladsy vir Clarence Larkin se uitbeelding van die gebeure. Ongelukkig is dit nie baie duidelik nie. Sy werk, The Book of Revelation, is in 1919 geskryf en die sketse is met die hand gedoen.




*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* – **Johannes 3:16**